**Afrikaans Huistaal: Graad 5**

**Week 9 Memorandum en Week 10 Tuiswerk**

**Maandag:**

1. Deur ruimtetuie.
2. Beman: Daar was iemand in die ruimtetuig.
   Onbeman: Daar was niemand in die ruimtetuig nie.
3. Omdat hy so vinnig deur die hemelruim beweeg.
4. Die vuurpoel.
5. " … en is warm genoeg om lood te laat smelt."
6. Die planete is yskoue, gasagtige reuse, waarvan Jupiter die grootste is.
7. Die oorlogsgod van die Romeine.
8. As gevolg van die stofstorms, wat groot, geel stofwolke uit sy roeserige grond opklits.
9. Daar is baie mane en skitterende ringe om die planeet wat ons deur 'n teleskoop kan sien. Sommige van die ringe is rooierig, terwyl een 'n blou kleur het.
10. Hy wentel op sy sy om die son.
11. Daar waai sterker winde as enige ander planeet in die sonnestelsel.
12. Iemand wat sterre bestudeer.
13. Mars - Dis 'n yskoue woestynplaneet
    Jupiter - Hierdie planeet is 'n groot bol gas.
    Saturnus - Dit het blou en rooi kringe om hom.
    Venus - Sy temperatuur kan lood laat smelt.
    Neptunus - Hierdie planeet is die verste van die Son af.

**Dinsdag:**

1. toe-ken-ning
2. a. miljoenêr
   b. geïnteresseerd
   c. A-simbool
3. a. Waarvoor is hierdie toekenning?
   b. Die verhaal van die vroue wat in 2008 geïdentifiseer is, is werklik merkwaardig.
   c. Enige sin met 'n punt aan die einde.
4. a. Waarvoor sal daardie toekenning wees?
   b. Waarvoor was hierdie toekenning?
5. Werkwoord: maak
   Selfstandige nw: vroue/entrepreneurs
   Byvoeglike nw: goeie
6. Die reeks
7. sal maak
8. Hierdie vrou sal nie 'n groot verskil maak nie.

**Woensdag:**

1. Die koerant se opskrif en die kat se spraakborrel wys dit vir ons.

2. Die man is die pa en die vrou is die ma. Hulle is familie van die seun, omdat die seun se spraakborrel dit vir ons wys.
3. Die man se gesigsuitdrukking en die vrou se liggaamstaal.
4. Hulle is ontsteld dat hul 18-jarige seun die reg het om te trou sonder toestemming.
5. Ja, omdat die lewe baie duur is. Kinders sal sukkel om vanaf 'n ouderdom van 18 vir hulself te sorg.
6. 2017 - Ons sien dit onder die spotprent dat dit in Beeld, 3 Julie 2007 gepubliseer is.
7. a. Die wet kan dalk probleme veroorsaak.

**Donderdag: Opdrag 1:**

1. vanoggend
2. krulhare
3. blouerig
4. assistent
5. reptiele
6. plooie
7. kleintjie
8. buitentoe
9. aapstreke
10. biblioteek

**Opdrag 2:**

1. ouer ; besluit ; klein ; uit
2. kyk ; mooi ; sneeu
3. woestyn ; groei ; baie
4. meisie ; buitentoe
5. vroue ; braai ; vleis ; tuin

**Opdrag 3:**

1. diftong
2. ander vokaalklank
3. diftong
4. diftong
5. dubbelvokaal
6. diftong
7. diftong
8. dubbelvokaal
9. diftong
10. ander vokaalklank
11. ander vokaalklank
12. ander vokaalklank
13. diftong
14. dubbelvokaal
15. ander vokaalklank
16. ander vokaalklank

**Opdrag 4:**

20

**Opdrag 5:**

1. kinders
2. gehoor
3. rekenaars
4. opening
5. reptiele
6. iemand
7. snaaks
8. sportboeke
9. volgende
10. atlasse

**Vrydag:**

1. koningin
2. kêrel
3. buurvrou
4. ooi
5. merrie
6. kunstenaar
7. bruid
8. oupa
9. hen
10. nig
11. stiefpa
12. seeikoeikoei
13. prinses
14. reun
15. wolvin
16. vorstin
17. kelner

**Afrikaans Huistaal: Graad 5**

**Week 10 Tuiswerk**

**Maandag: 15 Junie 2020** **Hersiening 1**

🗣 Antonieme is woorde wat verskil van mekaar / die teenoorgestelde betekenis van mekaar het.

1. **Skryf die antoniem van elkeen van die volgende woorde:**

a. buite
b. klein
c. dom
d. vinnig
e. vroeg
f. gelukkig
g. vinnig
h. mooi
i. voor
j. vol

🗣 Sinonieme is woorde wat dieselfde betekenis het.

2. **Skryf 'n sinoniem ('n ander woord) vir elkeen van die volgende woorde:**

a. hardloop
b. heg
c. kwaad
d. gelukkig
e. gou
f. familie
g. onmiddellik

3. **Herskryf die volgende sinne deur die geskikte lees- en skryftekens te gebruik. Onthou die hoofletters.**

a. jan piet en johan wil graag in kaapstad gaan vakansie hou
b. soek jy melk water of koeldrank om te drink
c. waar is susan ons wil ry sodat ons betyds by ouma kan wees
d. kom ons gaan speel by johan want hy het baie karretjies
e. ons is baie soet
f. Ben Johan en Juan woon in Pietersburg Hul speel graag rugby maar Johan is nie vandag daar nie Hy het aan 'n swemkompetisie in Johannesburg gaan deelneem Hy het 'n eerste plek behaal in die 200 m vryslag 'n tweede plek in borsslag en 'n eerste plek in rugslag
g. Waarheen gaan julle vra Johan Ons is op pad na oupa Hendrik toe hy verjaar vandag en tannie Susan wil graag by hom gaan kuier

🗣 Homofone is woorde wat dieselfde klink, maar verskillend gespel word en verskillende betekenisse het.

Byvoorbeeld: Ons leer vir die toets. Hy klim teen die leer op om by die appels uit te kom.

🗣Homonieme is woorde wat dieselfde klink en dieselfde gespel word, maar wat verskillende betekenisse het.

Byvoorbeeld: Ons pos 'n brief by die poskantoor. Die man aanvaar 'n pos by die skool as onderwyser.

1. **Skryf TWEE sinne om die verskille in betekenis van die volgende woorde en hul homoniem uit te beeld.**

a. leer
b. as
c. bas
d. arm
e. lek

2. **Skryf die afkorting van die volgende woorde.**

a. Maandag
b. Dinsdag
c. Woensdag
d. Donderdag
e. Vrydag
f. Saterdag
g. Sondag

3. **Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg:**

''O, wat 'n man is hy, hierdie Willie Wonka!'', roep Oupa Joe uit. Daar is so baie verskillende soorte sjokolade om van te kies. Dit is baie moeilik om 'n keuse te maak. Het jy geweet dat hy byvoorbeeld al meer as tweehonderd nuwe soorte sjokoladestafies ontwerp het? Sy sjokoladestafies het elk die soetste, romerigste en lekkerste binnekant, wat geen ander fabriek nog kon maak! Die nuutste een is die sneeuwit sjokolade. Willie Wonka se sjokolade is baie goedkoop. Ons kan hulle aanhoudend koop. "Sowaar!'' roep Ouma Josephine uit. Hy stuur dit na al die uithoeke van die wêreld! Is dit nie so nie, Oupa Joe?" "Dit is so, my liefling, dit is. Al die konings en presidente van die wêreld eet ook sy sjokolade. Hy maak nie net sjokoladestafies nie. O, grote griet, nee! Mnr. Willie Wonka het al met fantastiese uitvindsels na vore gekom. Het jy geweet dat hy nou net 'n idee uitgevind het hoe om sjokoladeroomys te maak? Dit kan nogal vir ure koud bly sonder om dit in die yskas te sit. Dit sal nie eers loperig raak as dit die heeltyd op 'n warm oggend in die son lê nie." "Dit is onmoontlik!", sê klein Charlie, wat sy oupa aanstaar. "Natuurlik, dit ís moontlik!", roep Oupa Joe hard uit.
"Dit is totaal ongehoord! Willie Wonka is die enigste persoon wat dit reggekry het!" "Reg genoeg!" Die ander knik hulle koppe instemmend. "Mnr. Willie Wonka het dit gedoen!"

1. Kies 'n gepaste titel vir die storie:
    a. Ouma se gunsteling sjokolade
    b. Charlie is lief vir sjokolade
    c. Willie Wonka se sjokolade
    d. Sjokolade-uitvindsel

2. Beantwoord die volgende vraag in jou eie woorde.

**Waaroor handel die bostaande storie? Beantwoord in volsinne.**

3. In die frase: "O, wat 'n man is hy", verwys die woord "hy" na ...

4. Gee een woord uit die teks vir elk van die onderstaande beskrywings:
    a. baie bekostigbaar
    b. Om iets te ontdek (meervoudsvorm)
    c. nie koud wees nie

5. Kies 'n woord uit die leesstuk om die onderstaande vraag te beantwoord.

**Willie Wonka het (driehonderd/eenhonderd/tweehonderd) nuwe sjokolades ontwerp.**

6. Watter reël dui aan dat Willie Wonka se sjokolade wêreldberoemd is
    a. "Hy stuur dit na al die uithoeke van die wêreld!"
    b. "Mnr. Willie Wonka het al met fantastiese uitvindsels na vore gekom."
    c. "dat hy byvoorbeeld al meer as tweehonderd nuwe soorte sjokoladestafies ontwerp het?"
    d. "dat hy nou 'n idee uitgevind het hoe om sjokoladeroomys te maak?"

7. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Motiveer jou antwoord in volsinne.
    a. 'n Fabriek is 'n plek waar diere aangehou word.

8. Wat is Willie Wonka se nuutse sjokolade-uitvindsel? Beantwoord in slegs twee woorde.

9. Beantwoord die volgende vraag in jou eie woorde: Verduidelik jou antwoord in volsinne.

**Watter idee het Willie omtrent roomys gehad?**

10. Kies 'n woord uit die onderstaande woorde om die sin te voltooi. (1)

**ongelukkige slim lawwe snaakse**

Willie Wonka is 'n baie_________________ man.

11. Waarom dink jy dat Charlie so verbaas is omtrent Willie Wonka se sjokoladeroomys?

Verduidelik jou antwoord in volsinne.

**<u>Donderdag: 18 Junie 2020</u>** **<u>Hersiening 3:</u>**

**Vul die V en F woorde korrek in.**

1. __rankie en __ranlie is boesem __riende. Hulle geniet dit om saam te speel b__ die park, __is te __ang, ghol__ te speel en __iets te ry. __rankie se gunsteling stokperdjies is om __lieërs te __lieg op winderige dae en sokker te speel saam s__ pappa. Terw__l __ranlie daar__an hou om koekies te bak saam b__ide haar ouers of tr__n te r__ na haar ouma toe. Hulle alb__ hou daarvan om saam McDonald's sky__ies met tamatiesous te eet as hulle __an die skool __erdaag.

2. Skryf die basiswoord(e)/stam van die volgende woorde neer.
   a. omgedraai
   b. ongelukkig

3. Skryf 'n samestelling uit die lysie neer:
   a. kamers, boeksak, springtoue

4. Skryf 'n afleiding uit die lysie neer:
   a. warmer, winde, vistenk

5. Skryf sinonieme vir die vetgedrukte woorde in die onderstaande sinne neer.
   - "Jeremy, hou op a) **lawaaierig** wees", skree Juffrou Bester.
   - Die venster is b) **beskadig,** nadat die kinders 'n klip daarteen gegooi het.

6. Skryf antonieme vir die vetgedrukte woorde in die onderstaande sin neer.
   Iemand wat heeldag net oor homself en sy besittings a) **praat** is baie b) **hoogmoedig.**

7. Skryf afkortings vir die vetgedrukte woorde in die onderstaande sinne neer.
   - Die a) **redakteur** het puik werk gedoen met haar nuwe fliek.
   - Jy moet b) **asseblief** op 'n nuwe c) **bladsy** begin.

**Vrydag: 19 Junie 2020** **Hersiening 4**

Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae wat volg.

Dit is belangrik dat ons gedurende verkiesings moet stem. Almal kan egter nie stem nie. Jy moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees met 'n staafkode-identiteitsdokument voordat jy kan stem. Jy kan op die ouderdom van 16 jaar registreer om 'n kieser te word. Jy kan slegs stem as jy 18 jaar oud is. Die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika het in 1994 plaasgevind. Suid-Afrikaners wat oorsee woon word toegelaat om spesiaal te stem. Baie siek of **4.6 (oud)** mense kry 'n dag voor die verkiesing **4.7 (spesiaal)** toestemming om te stem.

**Identifiseer die volgende:**

1. Onbepaalde lidwoord
2. Bepaalde lidwoord
3. Skryf 'n onpersoonlike voornaamwoord neer.
4. Skryf twee persoonlike voornaamwoorde neer.
5. Skryf 'n eienaam neer.
6. Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord neer. Kyk hoe die sinne hierbo lyk.
   - oud
   - spesiaal
7. Voeg die onderstaande sinne bymekaar deur die voegwoord in hakies te gebruik.
   Jy kan op 16-jarige ouderdom registreer om te kies. Jy kan slegs op 18-jarige ouderdom stem. (maar)
8. Skryf die onderstaande sin in die verlede tyd neer.
   Dit is vir ons belangrik om te stem.
9. Skryf die volgende sin in die ontkenning.
   Jy mag stem as jy 16 is.